

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 73

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

Psalm 27

Die Here is my Lig en my Heil

'n Psalm van Dawid

- 1 'n Psalm van Dawid. Die HERE is my lig en my heil: vir wie sou ek vrees? Die HERE is die toevlug van my lewe: vir wie sou ek vervaard wees?
- 2 As kwaaddoeners teen my nader kom om my vlees te eet—my teëstanders en my vyande, ja, myne—struikel hulle self en val.
- 3 Al word 'n laer teen my opgeslaan, my hart sal nie vrees nie; al staan 'n oorlog teen my op, nogtans vertrou ek.
- 4 Een ding het ek van die HERE begeer, dit sal ek soek: dat ek al die dae van my lewe mag woon in die huis van die HERE, om die lieflikheid van die HERE te aanskou en te ondersoek in sy tempel.
- 5 Want Hy steek my weg in sy hut in die dag van onheil; Hy verberg my in die skuilplek van sy tent; Hy verhef my op 'n rots.
- 6 En nou sal my hoof hoog wees bo my vyande rondom my, en ek wil in sy tent offerandes offer saam met trompetgeklank; ek wil sing, ja, psalmsing tot eer van die HERE.
- 7 Hoor, o HERE, ek roep luid; en wees my genadig en antwoord my.
- 8 Van U sê my hart: Soek my aangesig! Ek soek u aangesig, o HERE!
- 9 Verberg u aangesig nie vir my nie, wys u kneg nie af in toorn nie: U was my hulp! Verstoot en verlaat my nie, o God van my heil!
- 10 Want my vader en my moeder het my verlaat, maar die HERE sal my aanneem.
- 11 HERE, leer my u weg en lei my op 'n gelyk pad, vanweë my vyande.
- 12 Gee my nie oor aan die begeerte van my teëstanders nie, want valse getuies het teen my opgestaan, en hy wat geweld uitblaas.
- 13 O, as ek nie geglo het dat ek die goedheid van die HERE sal sien in die land van die lewendes nie...
- 14 Wag op die Here! Wees sterk en laat jou hart sterk wees! Ja, wag op die HERE!

ONTPLOFFING

Dit wil voorkom asof die twintigste eeu 'n eeu van allerlei ontploffings was. In twee wêreldoorloë het baie bomme ontplof. Veral die atoomontploffings is onthou.

Bewapening het voortgegaan en groter en gevaarliker wapens is ontwikkel. In so 'n mate het sake versleg dat 'n wêreldbotsing tans maklik die einde van alle beskawings kan beteken.

Bevolkingsontploffing

Die twintigste eeu word ook onthou as die eeu van bevolkingsontploffing. Die menslike geslag vermeerder steeds so vinnig dat daar nie meer plek en voedsel vir almal in die toekoms sal wees nie. Daar word gesê dat indien die wêreldbevolking teen dieselfde tempo groei soos tans die geval is, sal daar 'n situasie bereik word dat of 'n wêreldwye hongersnood of 'n wêreld-oorlog die getalle sal moet verminder vir die moontlikheid van 'n voortbestaan.

Kennisontploffing

In die afgelope tientalle jare het die kennis op tegniese en wetenskaplike gebied so toegeneem dat ook op hierdie gebied van 'n ontploffing gepraat word. Of hierdie kennis reg gebruik word, is weer 'n ander vraag. Dit wil voorkom dat die kennis die mens tot raserny dryf, want kennis bring mag en as hierdie kennis nie "Godgerig" gaan voortwerk nie, gaan die mens hierdie mag misbruik tot sy ondergang.

Seksontploffing

Deur die gebruik van voorbehoedmiddels is die mens in staat om geboortes te beperk. Geslagtelike omgang kan nou plaasvind sonder die vrees vir swangerskap. Dit is een van die faktore wat bydra tot die sogenaamde seksontploffing.

Die oorbeklemtoning van seks het 'n dieper agtergrond. Ons staan voor die feit dat die mens meer en meer begin los raak van God. Daaruit spruit voort dat die gesag van die Bybel ondermyn word en het die sedelike norme vir baie mense krag begin verloor. Vanselfsprekend moes nuwe norme gevind word... altans hulle was altyd daar... dit het net ingrypend die oue vervang en so het 'n totale nuwe moraliteit na vore getree.

Liefdesverhouding

Meer as ooit tevore het ook die huwelik as instelling in gedrang gekom. In die oë van die sogenaamde vrye mens skep die verhouding van een man tot een vrou te veel van 'n onnodige band. Die huwelik het sodoende nie genoegsame speling nie. Vandaar die groot persentasie egskeidings vandag.

Daarmee saam word ook voorhuwelikse geslagsomgang goedgepraat en gepropageer. Iets soos sonde is uit die mode. Die mens moet vryheid geniet en solank die naaste nie doelbewus benadeel word nie, kan die geslagte ook vrylik met mekaar verkeer. Wie sal nou durf spreek van 'n goddelike wet of gebod? Hier bepaal elkeen vir homself wat goed en wat sleg is.

Kleredrag

Klere word vandag nie meer gesien as iets wat moet help om die liggaam te beskerm nie. In die koue sal daar meer aangetrek moet word, maar dit is nie die faktor wat die keuse van ons klere eintlik bepaal nie. Ook versiering speel nie so 'n belangrike rol by die keuse van die klere nie. Ons kleredrag dra vandag die stempel van 'n uitdaging. Daarom moet soveel as moontlik van die liggaam blootgestel word. Met die "mini" word meesterlik hierin geslaag.

Die liggaam word in werklikheid aangebied. Seks is hier nie meer 'n verskuilde faktor nie, maar word hier geadverteer. Wat het geword van 'n skaamtegevoel by baie mense? Iets wat voortdurend geadverteer word, gaan ten slotte gekoop of gevat word. Besef ons vroulike geslag hoeveel skade hulle doen? Dit wil voorkom asof baie van ons vroulike geslag doelbewus daarop uit is om soveel moontlik van hul liggaam in die publiek ten toon te stel.

Is dit dan vreemd dat ons praat van 'n seksontploffing? Seks is vir baie die hoofdis op die ontspanningstafel. Kinders kom met dinge te voorskyn waarvan baie ouers nog nooit gedroom het nie. Hulle kry dit in films, boeke en by maats. Die voorbeeld van baie grootmense lei ook tot die sedelike verval van baie jongmense in die hand.

Iemand wat die Here liefhet en wat nog respek het vir sy Woord, moet beslis hier anders oor sake gaan dink. 'n Mens loop so maklik agter modes aan. Ons sal betyds moet besin. Sedelike verval is die sekerste teken van totale verval.

L. Buys

Liefde en voortplanting

Die Huweliksformulier stel duidelik: "Ten tweede moet deur die huwelik die menslike geslag gebou word..." Die huwelik is ook 'n Goddelike instelling vir die voortplanting van die menslike geslag.

Kinderseën werk mee tot vervolmaking van die huwelikslewe van man en vrou. Dit bring 'n hele reeks van deugde by man en vrou tot ontwikkeling: vader- en moederliefde, selfverloëning en toewyding, liefderyke belangstelling en tere sorg, geduld en opoffering. Die kinders word vir die ouers 'n spieëlbeeld van hulle eie deugde en gebreke.

Die kinderseën het bo alles betekenis vir die kerk. Die Here sê vir Abraham: "En Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag na jou in hulle geslagte as 'n ewige verbond, om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag na jou." (Gen. 17:7). Die bou van die menslike geslag is dus die uitbreiding van die kerk. Daarom ook die woorde van Christus in Matteus 19:14: "Laat die kindertjies staan en verhinder hulle nie om na My te kom nie; want aan sulkes behoort die koninkryk van die hemele."

Watter groot misterie — dat deur die liefdesverbondenheid van twee, nuwe lewe geskep kan word wat ontplooiing vind in families, geslagte, volke en nasies.

Watter groot voorreg — dat God deur man en vrou die einddoel met sy skepping verwesenlik!

PREUTSHEID ???

Preutsheid! Ons wat beter weet, ons wat met 'n ruim blik op die lewe kyk, ons wat natuurlik lewe, ons wat die breë lewensopvatting huldig — vir ons is die nougesette lewenshouding ten opsigte van die sedelikheid — veral met betrekking tot die verhouding tussen die geslagte — niks anders as 'n stremmende en onaangename preutsheid nie. Al die lawaai oor seks en die gerieflike middels op die mark, dit maak inbreuk op ons persoonlike vryheid.

Een man — een vrou — dat 'n mens so beperk kan en wil lewe! Die lewe is so kort en om dit dan nog op hierdie manier te slyt? 'n Mens se gees sal mos uitdor en droog word. Wat is daarmee verkeerd om so 'n bietjie uit te breek — veral as daar die regte verstandhouding tussen mense is? So waardeer 'n mens mekaar tog ook weer meer.

Waarom moet daar juis kinders wees? Dink aan die oorlas en dan is die vermaaklikheidswêreld ook taboe en kyk na die koste. Diegene wat verkies om nie te trou nie, maar gelukkig is in die sfeer van die vrye liefde — moet 'n mens so 'n persoon in 'n huwelik forseer?

Hoe kan die jongmens hom nie uitlewe nie! Uitlewing is tog verwesenliking van jousef. Nie halwe skoonheid nie, nie halfpad met alles nie, maar die volle weg. Waarom moet alles juis gesensor word — dit frustrer! Die halwe weg is tog die weg van teleurstelling en verlange, maar nou is daar alewig die grens deur wie weet wie bepaal.

Heiligheid!

My vriend, redeneer jy so? Dink jy ook dit is somer preutsheid? Soek jy so die uitgangspunt in jousef? Vind jy jou verwesenliking op hierdie manier? Volg nou net hierdie een keer 'n bietjie 'n ander pad en besluit dan of jy werklik so kundig is en van beter weet. Kyk 'n bietjie om jou heen.

Jy leef elke dag te midde van wonderlike dinge. Daar is die natuur. Jy kan dit nie ontken nie — jy voel so klein voor 'n onbeskryflike gesig. As jy mooi kyk, dan bemerk jy dat baie dinge in hierdie natuur op 'n sekere onverklaarbare manier werk. Jy kan daaraan niks verander nie. Erken dit — daar is iets dieperliggends! Om dit werklik te kan geniet, is uit jousef onmoontlik. Probeer maar gerus. Jy moet by iets of iemand anders kom om dit werklik te kan waardeer.

Wat van die menslike verhoudinge waarin jy elke dag staan? Erken dit ook maar. Op jou manier kom jy tot 'n sekere punt — miskien 'n hoogtepunt, maar ontbreek daar nie uiteindelik iets nie? Dit wat in jou wakker word as jy van geslag tot geslag teenoor mekaar staan, is daar werklik verwesenliking in jou optrede, of lei daardie oomblik wanneer jy meen dat jy jousef verwesentlik het nie eerder tot vertwyfeling en verlange nie?

Sluit jousef net hierdie een keer nie af nie. Vind jy nie eerder dat jy voor 'n dieperliggende te staan gekom het wat jy net nie tot nou toe op jou manier kon verwesenlik nie? Besef jy dat jy op jou maniere eintlik nog altyd so beperk, so eng was? In jou enge en beperkte blik het dit jou nog altyd ontgaan dat daar dinge is wat ver buite en bo jou staan. Dinge deur God so geskape en bepaal. Dit wat 'n sekere kenmerk dra — 'n kenmerk waaraan jy niks kan doen nie, behalwe om dit te skend, is HEILIGHEID — alleen daarbinne lê selfverwesenliking.

My vriend, praat met iemand wat meer hiervan weet. Praat met hom oor die heiligheid van die huwelik, die heilige gawe van kinders, die heiligheid en skoonheid van geslagte. Geniet dit dan waarlik as jy in jou optrede, vir die eerste keer, ook Jesus Christus ontmoet!

A. S. van den Berg

'n Gepaste antwoord

'n Russiese gesant het eenmaal vir Dr. Schauffler, 'n sendeling onder die Mohammedane in Konstantinopel, gesê: "My keiserlike heer, die Tsaar, sal nooit duld dat die protestantisme sy voet in Turkye neersit nie". Die sendeling antwoord toe: "Die Koninkryk van Christus sal nooit vir die Tsaar vra waar hy sy voet mag neersit nie".

Ek is 'n vrye mens

Ek stem met jou saam dat daar in hierdie tyd waarin ons leef baie mense is wat jou opvattinge onderskryf. God en sy Woord het vir baie mense van vandag geen betekenis meer nie. Godsdienst, kerk en geloof in God is vir baie mense van vandag verouderde begrippe.

Jy beweer dat die sedes wat die Bybel voorskryf, verouderd en uitgedien is. Dit is sedes wat vir mense van twee duisend jaar gelede en langer terug gegeld het. Daarom het die Woord van God nie meer vir jou iets te sê nie. Jy reël en rig jou lewe volgens jou smaak en goedgesin. Jy as mondige, vrye en moderne mens laat jou deur niks of niemand voorskryf oor hoe jy moet lewe of hoe jy jou moet gedra nie. Jy het mos die reg om te dink en te doen en te lewe soos jy wil.

Jy beweer ook dat 'n mens so moet lewe dat jy in die kortste tyd die grootste genot en plesier uit die lewe kan put. Dit maak ook nie saak in watter vorm of op watter wyse die genot uit die lewe gehaal word nie. 'n Mens leef tog maar net één maal en die lewe is so kort. Daarom is jy onder andere 'n sterk voorstander van die vrye liefde.

Vry in jou seksuele lewe... ?

Jy glo dat daar niks mee verkeerd is om vrylik uiting te gee aan jou seksuele drange nie. Die eis van die Skrif dat jy kuis en ingetoë moet lewe, bestaan vir jou nie. Die liefde as fundering en bestemming van die seksuele, soos die Skrif dit eis, bestaan nie meer vir jou nie. Vrylike seksuele omgang voor en buite die huwelik is vir jou heeltemal normaal en natuurlik. 'n Mens moet nie jou seksuele drange onderdruk nie, want dit veroorsaak allerhande sielkundige komplikasies.

Voorhuwelikse seksuele omgang beskou jy as baie waardevol. Dit is vir jou 'n aangename spel en ontspanning. Die band van een man aan een vrou in die huwelik werk frustrasie in die hand. Daarom kan 'n getroude man en 'n getroude vrou maar los en vas seksuele verhoudings aangaan soos hulle wil — dit is 'n aangename tydverdryf.

Dit is vir jou wonderlik dat die seksuele vandag oral so sterk beklemtoon word. Die hedendaagse kleredrag van die dames is vir jou iets besonder. Die halfnaakte liggaam van die vrou werk prikkelend en stimulerend in op die seksdrang van die man. Dit verskaf aan die anderkant weer groot genot aan die vrou as die mans haar met begerige en wellustige oë aanstaar. Sy daag en lok die man om van die seksuele te kom geniet en uiting te gee aan sy drange. Ewe prikkelend en stimulerend vir die seksuele is dit wat die media bied.. Die vrye liefde word luid en in besonderhede aan almal wat enigsins wil luister, verkondig en die mense drink en drink van daardie vuile bron tot versadiging toe.

Vir jou bestaan die lewe net uit seks. Seksuele bevrediging het vir jou die sin van die lewe geword. Dit is vir jou so noodsaaklik soos voedsel. Die uitlewing van die seksuele drif het vir jou geword soos 'n genotspel wat jy soos 'n terloopse versnapering geniet.

Jy bekommer jou ook geensins oor die gevolge van jou dade nie. Die wrakke wat jy soms agterlaat, die pyn, die smart, die wroeging, die skuldgevoel wat jy veroorsaak — daaraan steur jy jou nie.

Vry in jou selfsug... ?

Deur jou selfliefde is jy so verblind en in die selfsugtige najaging van selfbevrediging het jy jousef so uitgesonder, dat jy niks of niemand anders as net jousef raaksien nie, Jy het vir jousef so groot en wonderlik geword dat God en jou naaste uit jou gesigsveld verdwyn het. Jy aanbid geen ander god as net jousef nie.

Met hierdie egoïsme van jou stel jy jou siel en liggaam tot diens van die satan wat dit in die hel sal verderwe. "Moenie dwaal nie! Geen hoereerders of afgodediensers of egbrekers of wellustelinge of sodomiete of diewe of gierigaards of dronkaards of kwaadsprekers of rowers sal die koninkryk van God beërwe nie. Weet julle nie dat julle liggame lede van Christus is nie? Sal ek dan die lede van Christus neem en dit lede van 'n hoer maak? Nee, stellig nie! Of weet julle nie dat hy wat 'n hoer aanhang, met haar een liggaam is nie? Want die twee, sê Hy, sal een vlees wees. Maar wie die Here aanhang, is een gees met Hom. Vlug vir die hoerery. Enige sonde wat 'n mens doen, is buite die liggaam; maar wie hoerery bedryf, sondig teen sy eie liggaam. Of weet julle nie dat julle liggaam 'n tempel is van die Heilige Gees wat in julle is, wat julle van God het, en dat julle nie aan jusef behoort nie? Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort." (1 Kor. 6:10 en 15-20). Lees ook Spr. 6:20 - 7:27 en Gal. 5:16-25.

Jy sal verantwoording moet doen

My vriend, hoor jy wat God vir jou sê? Of jy nou met God en sy Woord rekening wil hou of nie, God hou met jónu en jónu opvattinge rekening en jy sal aan Hom verantwoording moet doen. Daarom moet jy luister as God spreek en jy sal lewe.

Die ware vryheid bestaan nie in ongebondenheid en selfsug nie, maar in gebondenheid en gehoorsaamheid aan en liefde tot God. Die ware en egte lewe bestaan alleen in die gemeenskap met God deur Jesus Christus wat ons waarlik vrygemaak het van die sonde. Jesus Christus sê vir jou: "Ek is die weg en die waarheid en die lewe." Volg hom in gehoorsaamheid na en verlustig jou in sy weë en jy sal lewe tot in ewigheid.

J. H. Coetzee (Witbank)

Liefde en Nederigheid

Nederigheid beteken beskeidenheid, ootmoed en geringheid van siel. Dit staan teenoor hoogvaardigheid, hoogheid en selfverheffing. Dit is die deug van beskeidenheid teenoor ons medemens, en gevoel van ontsag teenoor ons meerderes.

Hierdie deug is so noodsaaklik in die huwelikslewe. Die beoefening daarvan beteken prakties: om jou lewensmaat hoër te ag as jousef; om nie net haar of sy foute raak te sien nie, maar ook jou eie; om jou eie sonde en ellende in die lig van Gods Woord te bely; om onselfsugtig te wees; om bereid te wees om die kleinste of grootste opoffering te maak; om nooit jou lewensmaat tot slaaf te maak nie maar in hom of haar steeds 'n begenadigde kind van die Here te sien.

Jesus Christus het gesê: "Ek het nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien..."

Liefde beteken om mekaar in nederigheid te dien.

Die Mislukte Huwelik

Vroeër het ek my man liefgehad. Later het die liefde en haat mekaar afgewissel.

Daar lê 'n swaar stilte tussen ons. Dit het koud en eensaam geword in my hart. Ek is nog jonk en my droom was altyd 'n vol gelukkige lewe. Só kan ek nie aangaan nie. Ek het 'n reg om te soek na my geluk. Buitendien pas ons ook nie bymekaar nie; ons sal mekaar nooit vind nie!

Daarom, voordat dit te laat is... egskeiding! Gesonde verstand sê nee. Mense wat so lank by mekaar gebly en lief en leed saam deurgemaak het, is verbind of hulle dit wil weet of nie. Hulle lewe het inmekaar gegroei en saam met hulle is daar kinders, families, vriende. Na egskeiding is jy nie van mekaar ontslae nie. Pynlike situasies sal in die toekoms ontstaan. Die skaduwee van die ander een agtervolg jou altyd.

Die Here sê nee. Ek onthou nog my opvoeding al het ek in die laaste jare nie veel rekening met die Here gehou nie. Snaaks dat ek nou, in die aangesig van 'n egskeiding, onrustig word oor God. Is my mislukte huwelik nie die oes van my onverskillige lewe die afgelope jare nie? Is dit nie God wat my ingehaal het nie? Sal die egskeiding my nie soos 'n magtige boemerang van die hemel terugslaan nie? Moet ek nie liever weer begin bid en kerk toe gaan en Bybel lees en die dominee gaan opsoek nie?

Miskien moet ek liever prakties wees. Ek sal nagaan wat presies verkeerd is in ons huwelik en waar die ontsporings plaasgevind het. Die twee kolomme sal my die antwoord gee: Die skuldlys van my man aan die eenkant en my skuldlys aan die ander kant. Ag, hoe dwaas was ek. Ek kon dié kolomme nie gebalanseer kry nie. Ek het ontdek dat ek nie presies kan aanwys waar dit verkeerd gegaan het nie. Dit is 'n kompleks van gebeurtenisse wat tot 'n ongelukkige huwelik lei.

Ek het uiteindelik by die dominee uitgekom. Dit het geweldig moed gekos, want ek het die band met die kerk lankal verbreek en ek was bang dat die dominee my 'n lang preek sal gee.

Die dominee het aan my drie dinge gesê:

Wees volwasse. U is nie meer 'n bakvissie nie en 'n saak soos hierdie vra verantwoordelike oorweging sonder kinderagtige motiewe. U moet reg dink! Die denkwyse mag nie "ek/ek" wees nie, maar "ons." Die huwelik is 'n nuwe eenheid wat meer is as die som van die twee partye.

Wees nugter. Die liefde vir mekaar kan nie in hierdie situasie die punt van bespreking wees nie. Liefde is iets wat lewe en wat daarom versorg en gevoed moet word. Jul liefde is nou ondervoed, verwaarloos, gevries in die ryp van onverskilligheid. Ware huweliksliefde is die vrug en nie noodwendig die voorwaarde vir 'n gelukkige huwelik nie.

Gryp na die geloof: Hierdie is die beginpunt, want geloof beteken om op 'n bepaalde wyse in die wêreld te staan. Deur die bril van die geloof verander my verhouding tot God, tot my huwelik, tot my man en tot myself.

Die geloof ontklee my, sodat ek myself sien as 'n sondaar, 'n skuldbeladene wat in selfsug alleen myself in ag neem. Die geloof ontdek die ander persoon, my man. Deur die geloof sien

ek hom as iemand wat ook alleen is en daarom aanspraak mag maak op my bystand. Die geloof leer my verdraagsaamheid, aanpassing, vergewing en offervaardigheid!

Die geloof open die grondslae van die huwelik as 'n verbintenis van God se wil, 'n roeping om lief te hê en te dien. Die geloof gryp na God as die Heelmeester, die Herskepper wat in dorre doodsbeendere nuwe lewe kan blaas. God, by wie niks onmoontlik is nie en wat die oorgawe en vertrouwe en gehoorsaamheid vra.

Wonderlik dat 'n mens eers deur God bevry moet word, om gelukkig getroud te wees.

W. J. de K.

Liefde en die huwelik

Die wêreld definieer die huwelik as 'n vennootskap, 'n kontrak tussen mense wat mekaar lief het. As die liefde verkoel, kan die vennootskap verbreek word.

God se Woord leer dat die huwelik 'n instelling van God is: "Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom 'n hulp maak wat by hom pas." (Gen. 2:18).

Die doel van die huwelik is vervolmaking van die verhouding tussen man en vrou. Die man en vrou is op mekaar aangewese, pas bymekaar, vul mekaar aan. Die huwelik dien tot vervolmaking en lewensverryking van man en vrou om tesame God beter te kan dien.

Ons vind ons dat die een geslag die ander geslag kan aanvul:
die man — meer ontledend, die vrou — meer intuïtief;
die man oordeel meer analities en die vrou meer op gevoel;
die man — uiterlik sterker en die vrou innerlik sterker.

Geleidelik, deur wedersydse aanvulling en aanpassing, kelk die blom van die huwelik oop in die skoonste prag.